

Vrotpootjie by kleinvee: Sit só jou beste voetjie voor

Deur Annelie van Deventer (Pr.Sci.Nat), herkouervoedingkundige, Feedtek

Die lafenis wat reën en klam weerstoestande in die reënseisoen bring, word ongelukkig ook met siektes soos vrotpootjie geassosieer.

Vrotpootjie is maar een van verskeie oorsake van mankheid by kleinvee en dus verskil die oorsprong, voorkoming en behandeling van mank diere. Mankheid benadeel diere se welsyn, produksie en reproduksie, en uiteindelik winsgewendheid.

Verskeie bakterieë wat tot vrotpootjie aanleiding kan gee, is al in besmette kloue geïsoleer. Hierdie bakterieë is hoogs aansteeklik en dring die klou binne deur wonde wat byvoorbeeld deur bosluise, doringe, stukkende plekkies of ander beserings veroorsaak is.

Langdurige nat weidingstoestande is die ideale omgewing vir dié bakterieë, wat in die afwesigheid van suurstof floreer, om te vermeerder. Die bakterieë teer op vel en/of hoefmateriaal, en het die vermoë om lank in kleinvee se kloue te oorleef. Die bakterieë kan tot drie jaar in dierkloue en tot twee weke in besmette kampe oorleef.

Simptome en voorkoming

Vrotpootjiesimptome wissel van swelling tussen die kloue tot erge gevalle waar 'n swartgrys, smetterige vloeistof voorkom wat sleg ruik. Omdat vrotpootjie erge pyn en ongemak veroorsaak, loop diere krupel, staan op hul knieë, of gaan lê selfs.

Een of al vier pote kan aangetas wees. Die oopsper van kloue wanneer diere loop, verhoog die voorkoms van vrotpootjie. Swaar diere soos ramme en laatdragtige ooie is daarom meer geneig om die siekte op te doen, aangesien hul gewig stremming op die kloue plaas. Jong

diere is weens hul swakker immuniteit in vergelyking met ouer diere, ook vatbaar.

Vrotpootjie veroorsaak dat diere minder vreet, wat tot swakker kondisie en verlies aan wolgroei by skape lei. Die gewone weipatroon van 'n skaap is om gemiddeld sewe ure per dag te wei, maar skape en bokke met vrotpootjie sal egter hul dag meestal deurbring deur te lê, eerder as om weiding te soek.

Buiten die produksieverliese wat met vrotpootjie gepaardgaan, is die behandeling daarvan baie tydrowend en arbeidsintensief. Daar moet dus op die voorkoming van vrotpootjie gefokus word.

Vrotpootjie kom minder by diere in 'n goeie kondisie en met 'n sterk immuunstelsel voor. Wanneer diere 'n gebalanseerde voeding ontvang en geen vitamien- of mineraalte kortte ervaar nie, bevorder dit hul immuniteit. Met dit as grondslag, sal 'n goeie inentingsprogram hul immuniteit verder verhoog.

Die rol van mikrominerale

Mikrominerale speel 'n integrale rol in die ondersteuning en onderhoud van 'n gesonde immuunstelsel. Stresfaktore onderdruk immuunfunksie, terwyl mikrominerale hierdie onderdrukkingsproses teëwerk. Mangaan, koper, sink en selenium is mikrominerale wat daagliks in klein hoeveelhede ingeneem moet word om die immuunstelsel te onderhou. Vitamien A, B₆, B₁₂ en E is ook belangrik in die ondersteuning van immuniteit.

'n Mikromineraal wat uitgesonder kan word in die voorkoming van vrotpootjie, is sink. Sink, tesame met vitamien A, is belangrik om die integriteit – die sterkheid of struktuur – van die vel te verseker, sodat

vrotpootjie-bakterieë nie die liggaam kan binnedring nie.

Nie alle sinkverbindings is egter dieselfde nie. Anorganiese sink kan óf as sinkoksied óf as sinksulfaat aangevul word. Die persentasie sink beskikbaar vir opname deur die dier sal verskil vir elk van hierdie bronne.

Aangesien sinergistiese en antagonistiese kragte tussen minerale bestaan, is al die anorganiese sink wat voorsien word nie altyd beskikbaar vir absorpsie nie. Mikrominerale wat deur middel van lek-aanvullings aangevul word, is tipies in 'n anorganiese vorm.

Daarteenoor is organiese mikromineraalverbindings, waar mikrominerale aan organiese molekules soos aminosure of proteïenkomplekse gebind word, hoogs biobeskikbaar. Dit verseker makliker opname deur die spysverteringskanaal en sterk binding tussen die mineraal en organiese molekules, en beperk antagonisme teenoor ander minerale.


Organiese verbindings word ook deur alternatiewe roetes in die liggaam opgeneem en in liggaamsweefsel gestoor. 'n Hoër persentasie van minerale word dus in die liggaam opgeneem. Waar vrotpootjie 'n groot probleem is, moet die gebruik van organiese mikrominerale, hoewel duurder, dus sterk oorweeg word.

Biosekuriteit en seleksie

Biosekuriteit is van uiterste belang om vrotpootjie uit die kudde te hou. Aangesien die bakterieë vir baie lang tydperke in die klou oorleef, is dit raadsaam om met die aankoop van diere jouself te vergewis van die verkoper se kuddegesondheidstatus. Koop slegs by betroubare telers wat goeie kuddebestuurspraktyke navolg.

By kuddes waar die bakterieë reeds 'n probleem is, kan vee met die aanvangs van die reënseisoen deur 'n voetbad met 'n 10% sinksulfaatoplossing gejaag word. Die kontaktyd moet vyf tot tien minute lank duur. Bestuur hierdie kuddes in droër weidings en kampe tydens die nat tydperke.

Figuur 1: Die drie fases van vrotpootjie.



Kampe wat deur besmette skape bewei is, behoort vir minstens twee tot vier weke te rus voordat dit weer deur kleinvee bewei word. Hou goeie rekords van aangetaste diere en skot probleemdiere uit.

Omdat weerstand teen die siekte oorerflik is, kan daar teen vrotpootjie geselekteer word. Die weerstand hou waarskynlik verband met die struktuur van die hoef en die mate waartoe die dier se kloue oopsper wanneer hy loop. By teelramme behoort 'n 'geen toleransie'-beleid teen vrotpootjie gevolg te word, aangesien hulle 50% van die genetiese waarde tot elke lammeroes bydra.

Behandeling en bestuur

Wanneer vrotpootjie sy opwagting maak, moet die veearts geraadpleeg word oor die gepaste behandeling. Gewoonlik word 'n ontsmettingspoeiervoetbad met kopersulfaat en sinksulfaat aanbeveel, maar dit moet teen die korrekte dosis en kontaktyd plaasvind om doeltreffend te wees.

Die ideale voetbadprosedure het 'n drievoudige doel. Eerstens word die kloue skoongewas van organiese

materiaal soos mis wat die doeltreffendheid van middels kan belemmer. Tweedens word die kloue in die voetbad-behandeling ontsmet, waarna die diere vir 15 minute op 'n droë oppervlak deurbring.

Algemene bestuursmaatreëls

Die volgende riglyne behoort deel uit te maak van die bestuursmaatreëls wat op die plaas geld:

- Voorsien genoegsame biobeskikbare vitamien en minerale om diere se immuniteit teen die bakterieë te ondersteun. Koper en sink help om die kloue en vel gesond en sterk te hou, terwyl mangaan 'n belangrike rol speel by die ligamente en beendigheid van gewrigte wat deel uitmaak van die klou.
- Voorsien droë krale en weidingskampe en vermy vleikampe waar moontlik.
- Plaas aangetaste skape (fase 1 van besmetting, *Figuur 1*) vir 30 dae in kwarantyn om verspreiding te beperk.
- Omdat bakterieë nie in 'n sterk alkaliese omgewing oorleef nie, moet krale met landboukalk bestrooi word.

- Werk baie higiënies tussen skape om verspreiding te beperk.
- Knip kloue gereeld.
- Wanneer skape deur die voetbad gejaag word, begin met skape sonder letsels, gevolg deur skape wat in die vroeë stadium van vrotpootjie is en laastens die erg aangetaste skape.

Omdat mankheid die welsyn en produksievermoë van diere benadeel en 'n direkte ekonomiese impak vir die produsent inhou, moet hierdie probleem voorkomend benader word.

Vroegtydige optrede om die kudde se immuunstelsel te versterk lewer die beste resultate. Biosekuriteitsmaatreëls moet in plek wees word om draerdere uit die kudde te hou. Vervleg 'n vooropgestelde plan in jou kuddebestuursplan om vrotpootjie hok te slaan. **VP**

Vir meer inligting, kontak
Annelie van Deventer by
annelie@feedtek.co.za.



Feedtek

**Spesialis Veevoer
Konsentrete**





Dankie Feedtek!

Met **Trace Block** verseker my eienaar dat ek optimale vlakke **spoorminerale** ontvang om my **vrugbaarheid, gesondheid en hoefsterkte** te bevorder!

Trace Block (V 16339) Massa : 10 kg

086 111 5362
 info@feedtek.co.za
 www.feedtek.co.za